

**27 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 149**  
**Fokusgedeelte: Psalm 149:1,2**

**Wees bly oor die Here!**

Wat maak jou bly in jou lewe? Jy is dalk bly oor bevordering en die hoër inkomste wat volgende jaar op jou wag. Jy is dalk bly oor die komende vakansie en dat julle kan gaan uitrus. Jy is dalk bly oor ons rugby- of krieketspelers wat wen op die veld. Dis nie verkeerd om oor hierdie dinge bly te wees nie.

Psalm 149 plaas ons egter vandag voor die vraag: Is ek bly oor God? Die Psalm roep ons ook op tot hierdie blydschap oor die Here. Maar waarom moet ons bly wees oor God?

Wees bly oor die Here, want Hy is jou Maker. Hy het destyds sy volk Israel vir Hom afgesonder, hulle gekies as sy volk. Ook jou bestaan as kind van God is geen toevalligheid nie. God het jou gemaak, jou gevorm en geskape. Hy het jou na Hom geroep om sy kind te wees – jou vir Hom afgesonder om naby Hom te lewe. Dis mos rede vir groot blydschap. Wees ook bly omdat Hy jou Koning is. Jou lewenspad is nie oorgelaat aan die toeval of noodlot nie. God regeer oor jou lewe. Hy regeer só oor sy kinders se lewens dat alles vir hulle ten goede meewerk (Rom 8:28). Selfs deur swaarkry heen vorm Hy jou en bring jou nader na Hom toe.

Wees bly oor God wat aan nederiges en ootmoediges oorwinning gee. Elke mens wat met `n vaste geloof aan Jesus Christus vasgryp, ontvang vergewing van sonde en as kind van God die ware lewe tot in ewigheid. Dis mos iets groots om vandag oor bly en verheug te wees! Hulle wat egter sy liefdeswerk in Christus verwerp, gaan `n ewige droefheid binne onder die oordeel van God.

God se volk het hulle blydschap oor Hom uitgeleef. Hulle het Hom vol blydschap geloof en geprys, gejubil en gejuig. Hulle het tot eer van sy Naam gesing en Hom geprys met musiekinstrumente en koordanse. Leef vandag ook jou blydschap oor God en sy werke in jou lewe uit.

*Sing: Psalm 47:1,3,4*

*Ds L du P van der Vyver (Silverton)*